


Streep - Skat



STELLETJIE MET STREPE

BENODIGDHEDE: Sirdar Country Style DK (50-g-bolle): 3(4; 5) bolle Hoofkleur (H); 2(2; 3) bolle Kontraskleur (K); breinaalde van 3,25 mm en 3,75 mm; bypassende hekelpen; 3 klein en 2 effens groter bypassende knope; stekehouer; reserwenaald.

MATE: Oortrui: Om borsmaat van 46(51; 56) cm te pas; lengte vanaf skouer 23(25; 28) cm; mounaat 13,5(16; 18,5) cm.

Steweltjies: Voetlengte 7,5(8; 8,5) cm.
Mus: Onderste rand 35,5(38; 41) cm.
Skouerbroek: Synaat 30(35; 43) cm; van middel tot kruis 15(16; 19) cm.

SPANNING: 22 steke en 44 rye = 10 x 10 cm oor reksteek met 3,75-mm-breinaalde. 22 steke en 32 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3,75-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); ks - koussteek (= brei deurgaans een ry regs, een

ry aweregs); rs - reksteek (= brei elke ry regs); herh - herhaal; vermin - verminder; vermeer - vermeerder; oorbl - oorblywende; gl - glip; alt - alternatiewe; tes - tesame; beg - begin; enkelrif - enkelriffelsteek (= brei deurgaans een steek regs, een steek aweregs); VK - verkeerde kant; RK - regte kant; vlg - volgende; daaropvlg - daaropvolgende; weersk - weerskante; Hekel: kb - kortbeen.

OORTRUI

AGTERPANT: * Met 3,25-mm-breinaal-

de-en K stel 59(65; 71) ste op. Brei 5 cm enkelrif soos volg:

1e ry: r1, (aw1, r1) tot einde.

2e ry: aw1, (r1, aw1) tot einde.

Herh hierdie 2 rye en eindig met 'n 2e ry. Slaan oor na 3,75-mm-breinaalde en brei voort in rs. Brei deurgaans 4 rye met H en 4 rye met K tot agterpant 14(15; 17) cm lank is vanaf beg, en eindig met 'n VK-ry.

Mousgatvorming: Hou volgorde van strepe deurgaans korrek en heg 2 ste af aan beg van vlg 2 rye. Vermin dan 1 st aan weersk van elke ry tot 41(47; 53) ste oorbly.*

Brei reguit voort tot agterpant 23(25; 28) cm lank is vanaf beg en eindig met 'n VK-ry.

Skouervorming: Heg 9(11; 13) ste af aan beg van vlg 2 rye. Knip garing af en plaas oorbl ste op stekehouer.

VOORPANT: Soos agterpant van * tot * Brei reguit voort tot voorpant 20(22; 24) cm lank is vanaf beg en eindig met 'n VK-ry.

Verdeel vir, hals: **Vlg ry:** r17(19; 21), draai en plaas oorbl ste op 'n reserwenaald. Brei oor eerste stel ste soos volg:

**** Hou streepvolgorde deurgaans korrek en vermin aan halsrand 1 st elke ry 8 keer — 9(11; 13) ste.**

Brei reguit voort tot voorpant so lank soos agterpant is tot beg van skouervorming. Heg af **

Brei oor ste op reserwenaald. Met RK voor gleeerste 7(9; 11) ste op 'n stekehouer en heg garing aan vlg st vas en r tot einde van ry. Voltooi tweede deel om met eerste deel van ** tot ** ooreen te stem.

MOUE (2): Met 3,25-mm-breinaalde en K stel 33(35; 37) ste op. Brei 2,5 cm enkelrif soos agterpant en eindig met 'n tweede ry.

Slaan oor na 3,75-mm-breinaalde en brei voort in rs. Heg kleure aan soos benodig, in dieselfde kleurvolgorde as agterpant; **terselfdertyd** vermeer 1 st aan weersk van vlg en elke daaropvlg 6e ry tot daar 47(51; 47) ste is.

Slegs 3e grootte: Vermeer 1 st aan weersk van elke vlg 8e ry tot daar 55 ste is.

Alle groottes: Brei reguit voort tot mou ongeveer 13,5(16; 18) cm lank is vanaf beg en eindig met dieselfde ry as agterpant by mousgatvorming.

Moukpvorming: Hou kleurvolgorde deurgaans korrek en heg 2 ste af aan beg van vlg 2 rye. Vermin 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg alt ry tot 27 ste oorbly. Vermin dan 1 st aan weersk van elke ry tot 17 ste oorbly. Heg af.

HALSSTROOK: Werk eerste skouernaat toe. Met RK voor, 3,25-mm-breinaalde en K tel op en r 18 ste uit halsrand van linkervoorpant, r ste van hals op stekehouer, tel op en r 18 ste uit halsrand van regtervoorpant, r ste van halsrand van agterpant op stekehouer, maar vermeer 1 st in middel — 67(71; 75) ste.

Brei 2,5 cm enkelrif soos agterpant en eindig met 'n tweede ry. Heg af.

STEWELTJIES

Met 3,75-mm-breinaalde en K stel 30 ste op. Brei voort in rs, heg kleure aan soos benodig en volg kleurvolgorde van 4 rye K en 4 rye H soos op agterpant tot werk 9,5 cm lank is vanaf beg, en eindig met 'n VK-ry. Knip garing af.

Verdeel vir wreef: Gl eerste 10 ste op 'n stuk swart garing. Hou kleurvolgorde deurgaans korrek, heg garing aan, r10, draai, en plaas oorbl ste op 'n stuk wit garing. Brei voort in kleurvolgorde (soos gestel) oor middelste 10 ste tot werk 15(16; 16,5) cm lank is vanaf beg en eindig met 'n VK-ry, maar vermin 2 ste egalig gespasieer oor laaste ry — 8 ste. Knip garing af.

Met RK voor en 3,75-mm-breinaalde, hou kleurvolgorde korrek, en heg garing aan 10 ste op swart garing; brei oor dié ste en tel op en r13(14; 15) ste uit syrand van wreef, r oor 8 ste van wreef, tel op en r13(14; 15) ste uit ander syrand van wreef, brei oor ste op wit garing — 54(56; 58) ste.

Brei 7 rye. Knip garing af.

Vlg ry: Gl eerste 22(23; 24) ste op vry breinaald van 3,75 mm, heg garing weer vas, r10, draai.

Vlg ry: r9, r2tes, draai.

Herh laaste ry tot 26 ste oorbly.

Vlg ry: r tot einde.

Vlg ry: (r2tes) tot einde — 13 ste. Heg af.

MUS

Met 3,75-mm-breinaalde en H stel 78(84; 90) ste op. Brei voort in rs en hou kleurvolgorde korrek soos op agterpant tot mus 9(10; 11,5) cm lank is vanaf beg, en eindig met 'n VK-ry.

Vlg ry: (r4, r2tes) tot einde — 65(70; 75) ste.

Brei 3 rye.

Vlg ry: (r3, r2tes) tot einde — 52(56; 60) ste.

Brei 3 rye.

Vlg ry: (r2, r2tes) tot einde — 39(42; 45) ste.

Brei 1 ry regs.

Vlg ry: (r1, r2tes) tot einde — 26(28; 30) ste.

Vlg ry: (r2tes) tot einde. Knip garing af maar laat 'n lang stuk om deur oorbl ste te ryg. Trek styf en werk vas. Werk naat toe.

SKOUERBROEK

Agterpant van linkerbroekspyp: Met 3,75-mm-breinaalde en K stel 34(36; 38) ste op. Brei 4 rye regs.

Knip K af. Heg H aan.

Beg met 'n r-ry en brei voort in ks tot broekspyp ongeveer 15(19; 24) cm lank is vanaf beg, en eindig met 'n VK-ry.

Knip garing af en plaas ste op 'n reserwenaald.

Agterpant van regterbroekspyp: Soos agterpant van linkerbroekspyp maar moenie garing afknip nie.

Brei dan voort soos volg:

*** Vlg ry:** r tot einde, r dan oor ste van linkerbroekspyp op reserwenaald — 68(72; 76) ste.

Brei reguit voort tot syrand 28(33; 41) cm lank is vanaf beg, en eindig met 'n VK-ry.*

Vlg ry: R tot laaste 10 ste, draai.

Vlg ry: Aw tot laaste 10 ste, draai.

Vlg ry: R tot laaste 18 ste, draai.

Vlg ry: Aw tot laaste 18 ste, draai.

Vlg ry: R tot einde van ry.

Vermin-ry: Aw2(4; 6), aw2tes, (aw5, aw2tes) tot laaste 1(3; 5) ste, aw tot einde — 58(62; 66) ste.

Knip garing af. Heg K aan en r 10 rye.

Heg af.

Voorpant van regterbroekspyp: Soos agterpant van linkerbroekspyp.

Voorpant van linkerbroekspyp: Soos agterpant van linkerbroekspyp, maar moenie garing afknip nie.

Brei voort soos agterpant van broekspyp van * tot *. R een ry.

Vermin-ry: Aw2(4; 6), aw2tes, (aw5, aw2tes) tot laaste 1(3; 5) ste, aw tot einde — 58(62; 66) ste.

Knip H af. Heg K aan en r 10 rye. Heg af.

BORSSTUK: Met 3,75-mm-breinaalde en H stel 38 ste op.

1e ry: R tot einde.

2e ry: R4, aw tot laaste 4 ste, r4.

Herh hierdie 2 rye tot borsstuk 10 cm lank is vanaf beg, en eindig met 'n 1e ry.

R3 rye.

1e knoopsgat-ry: r4, heg 2 ste af, r tot laaste 6 ste, heg 2 ste af, r tot einde.

2e knoopsgat-ry: Deurgaans r, maar stel 2 ste op oor 2 ste wat in vorige ry afgeheg is.

EEN SAK: Met 3,75-mm-breinaalde en H stel 24 ste op. Brei voort in ks en vermin 1 st aan beg van vlg en elke daaropvlg ry tot 1 st oorbly. Heg af en werk netjies af. Brei tweede sak in ooreenstemming maar vermin aan einde van ry in plaas van aan beg.

SAKBOORDE (2): Met RK van sak voor, 3,25-mm-breinaalde en K tel op en r24 ste vanaf boonste rand van sak. R een ry.

Vlg ry: R2tes, r tot laaste 2 ste, r2tes.

Vlg ry: Deurgaans r.

Herh dié laaste 2 rye tot 16 ste oorbly, en eindig dus met 'n VK-ry.

Heg af.

SKOUERBANDE (2): Met 3,25-mm-breinaalde en H stel 7 ste op. Brei voort in rs tot band 18(20; 23) cm lank is vanaf beg. Heg af.

AFWERKING: Oortrui: Werk 1,5 cm van tweede skouernaat toe, gemeet vanaf mousgatrand. Werk moue in mousgate vas. Werk sy- en mounate toe. Met RK van agterpant voor, 'n bypassende hekelpen en K hekel 1 ry kb oor rand van skoueropening. Hekel 'n tweede ry kb en maak 3 knoopslusse eweredig gespasieer oor skouerrand van voorpant. Knip af en werk netjies af. Werk knope aan skouerrand van agterpant om met knoopslusse ooreen te stem.

Steweltjies: Werk hak- en agternate toe. **Skouerbroek:** Werk borsstuk in posisie aan broek vas. Werk sakke soos op foto vas. Werk skouerbande ongeveer 1 cm aan weersk van middelpunt van agterpant vas. Werk knope aan skouerbande vas. Moenie pars nie. ●